

PRETORIA FM, 7 voor 7

DIE STORMS IN ONS LEWE

Dr Hannes Janse van Rensburg

Dalk begin jy vandag met 'n rustige koppie koffie en 'n nuwe dag voor jou. Maar miskien sit jy reeds met 'n storm in jou hart. 'n Storm wat niemand anders kan sien nie. 'n Besluit wat jou bekommer. 'n Verhouding wat wankel. Finansiële druk. 'n Gesondheidskrisis. Of eenvoudig die onsekerheid oor wat vandag gaan bring.

In Matteus 8 lees ons van Jesus en sy dissipels in 'n skuit op die see. Skielik breek daar 'n geweldige storm los. Die golwe slaan oor die skuit, terwyl Jesus slaap. Die dissipels raak paniekerig: “Here, red ons! Ons vergaan!”

Ons kan onself in daardie woorde herken! Wanneer die storm om ons woed, dink ons eerste aan onself: Ek vergaan! En dan kom die vrae: “Here, hoekom doen U niks? Hoekom laat U dit toe? Hoekom nou? Is U nog lief vir my? Gaan U my red?”

Storms is nie 'n vreemde verskynsel in die Bybel nie. Dink maar aan Eva, Abraham, Moses, Josef, Rut, Dawid, Job, Jeremia, Maria, Paulus en Petrus. Elkeen het op een of ander manier storms in die lewe ervaar. Storms is deel van ons bestaan op hierdie gebroke aarde. Ons kan die storms nie altyd systap nie.

Hier is die belangrike boodskap vanoggend: Jesus was in die skuit. Die dissipels het dalk die storm raakgesien, maar hulle het vir 'n oomblik vergeet Wie saam met hulle in die skuit was. Miskien is dit ook ons uitdaging. Ons kyk so lank en intens na die storm dat ons vergeet om na God te kyk. Jesus sê vir hulle: “Waarom is julle bang, kleingelowiges?” Daarna staan Hy op, bestraf die wind en die see, en daar kom 'n groot stilte. Let mooi op: Jesus was nie afwesig tydens die storm nie. Hy was daar. Sy stilte het nie beteken dat Hy hulle verlaat het nie.

Dalk is dit die woord wat jy vandag moet hoor: God is ook in jǒu storm teenwoordig. Jy hoef nie te maak asof daar geen storm is nie. Jou kan, selfs binne die storm, jou fokus van die storm na God toe verskuif. En wanneer God die storm stilmaak, sal jy dalk later terugkyk en besef: Hy was die hele tyd daar.

God maak storms stil – altyd op sy tyd, op sy plek en op sy manier.

Mag jy vandag, wat ook al jou storm is, onthou: Jy is nie alleen in die storm nie. Jesus is daar!

Dr Hannes Janse van Rensburg is voltyds predikant van die Hervormde Gemeente Zuurfontein in Kempton Park en deelyds die Sentrum vir Gemeentelike Bediening se Interim fasiliteerder, begeleier en toerustings konsultant.